NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 17 APRIL 2022

PAASSONDAG

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Paasfees. Die belangrikste FEES van die jaar!

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
Openbaring 1:4-8; Handelinge 5:27-32
Psalm 118:14-29; Johannes 20:19-31

SONDAG, 17 APRIL	
	PAASFEES
07:00	Sonopkomsdiens (Afhangende van die weer) in Van Wykstraat op rivier se wal
09:30	OPSTANDINGSDIENS Deuroffer: Gemeentebediening Erediensspan 1 – Chris van Niekerk
Geen	Kleuterkerk
Geen	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
Geen	Senior kategese
MAANDAG, 18 APRIL	
	GESINSDAG
DINSDAG, 19 APRIL	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
19:00	Basaar Konvenorvergadering in konsistorie
WOENSDAG, 20 APRIL	
09:30	Vroue Bybelstudie

DONDERDAG, 21 APRIL	
09:30	Kuilsrivier Dienssentrum – Bowls by Eden Park Aftree-oord Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-vd Walt, Sybil Smit, Dotjie Steyn, Maranda vd Merwe
19:00	Kerkraad Bosberaad-vergadering in konsistorie
VRYDAG, 22 APRIL	
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom
SATERDAG, 23 APRIL	
SONDAG, 24 APRIL	
	POSDAG DANKBAARHEIDSONDAG
09:30	Oggenddiens Deuroffer: Hoop en Versoening Trust Erediensspan 2 – Lorraine Louw
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese

EREDIENSTE

In terme van die oorgangsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450 en word slegs elke 2de bank gebruik.
Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word.
Dra van maskers binnenshuis en sanitering is ook steeds van krag.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Gemeentebediening

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding is die fasiliteerders van die NG Kerk in SA. Die diensgroep word gevra om te kom help as kerkrade en predikante begeleiding nodig het met ’n verskeidenheid van situasies. Meestal is dit vanuit ’n probleem gebore, maar soms is daar ook pro-aktiewe prosesse wat gemeentes help om nuut te dink oor hulle bediening. In ’n tydsgees van individualisme en sekularisasie moet gemeentes anders dink oor hulle aanbod in die dorp of buurt of voorstad. Die diensgroep begelei gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die diengroep lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes help om hierdie ontdekkings van hulle roeping te maak. Die diensgroep finansier die begeleiers sodat dit nie ’n las op die gemeente is wat begelei wil word nie. Die deuroffer help die diensgroep om dit te kan doen.

Ds André Agenbag | agenbag1@sun.ac.za | 021 808 9051
Me Mathilda du Pisanie | mdup@sun.ac.za | 021 808 3265
Webwerf: https://communitas.co.za

GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
   Heleen Kritzinger vanaf Namakwaland
2. Krienie vd Vyver (Othello) het die afgelope week ‘n operasie ondergaan.
3. Joan Botha (voorheen Magnoliasingel) is die afgelope week oorlede.
4. Jannie Theart (voorheen Paul Krugerstraat) is tans in die hospitaal.
5. Baie geluk aan Sannie Verster (Othello) wat haar 93ste verjaarsdag die komende week vier.
6. Gawie Greeff (Van Aardestraat) ontvang behandeling in die komende week.
7. Banie Steyn (Klaradyn) ondergaan in die komende week ‘n prosedure.
8. Charles Wolfaardt (Othello) het die afgelope week ‘n mediese prosedure ondergaan.
9. Lindia Kritzinger (Brackenfell) ondergaan mediese toetse.
10. Heléne Steenkamp (Groenland) se kleinseun, Jacques-Hendri, is na ‘n siekbed oorlede. Jacques-Hendri is die seun van De Bruyn en Marlise Steenkamp.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Huis de Kuilen se breigroep benodig donkerblou dubbeldraad (navy blue doubleknit) wol vir hulle projek. Indien enigeen kan help, kan dit by die kerkkantoor of by die tehuis afgegee word. U hulp sal waardeer word.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



17/04 Deon Delport, Christo van As, Madré de Bod
18/04 Marie Swart, Jan Brink, Anja Lategan, Francois Heydenrych, Mienke-Marie Williams, Erika Groenewald, Sion Bartin
19/04 Lee Penderis, Simeon Allers, Marcelle van Zyl, Erns Du Plessis
21/04 Nicole Snyman, Adriaan Oosthuizen, Freddie Erasmus
22/04 Maartin Oliver
23/04 Jaco Smit, Isobel Gresse, Sannie Verster, Ruben Botha, Jandré Nothnagel

DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Baie dankie vir die kontant bydraes wat ons ontvang het, ons kon spesifiek voorrade koop wat nodig was.



Ons voorrade vir die volgende is weer baie laag:

Melk	Blikkies: Beef, Vis, Groente	
Suiker		
Pap	Toiletware:	Tandepasta, Deodorant, Badseep, Sjampoe
Koffie		Wasgoedpoeier, Skottelgoedseep, Sanitêre doekies

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet

BASAAR – 28 MEI 2022

Ons dienswerkers is ywerig besig om van huis tot huis te gaan om lidmate se bydraes en beloftes vir die komende basaar te vra. Indien jou dienswerker jou nog nie gekontak het nie, of jy dalk buite De Eike se grense bly, kontak gerus die kerkkantoor.

Ons is dankbaar vir alle bydraes en beloftes reeds ontvang. Ons benodig egter nog baie gebak, bv. koekies, beskuit, brood, groot koeke, terte, ens. Ons benodig ook hande om by verskeie van die tafels te help met die voorbereidings en/of verkope. Weereens kontak die kerkkantoor indien jy kan help.

Hou volgende week se Akker dop vir meer besonderhede en ook ‘n lys van die konvenors.

Volgende Konvenorvergadering is 19 April 2022 om 19:00 in die konsistorie

Johan Morkel (Basaarkonvenor)